# Rustenburg Gemeenskapskerk

## 5 Februarie 2023

26 Zandstraat
Rustenburg
0299
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer - 071 675 5546
E-pos / E-mail: estavanzyl0812@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902

### OM POSITIEF TE BLY IS LEWENSBELANGRIK

- Alles in die lewe behels keuses
- Ons kan kies om positief te bly en vir 'n goeie uitkoms te bly glo, of ons kan handdoek ingooi, opgee en toegee aan hopeloosheid en wanhoop.
- Wanneer ons kies om positief te bly, verander dit ons ingesteldheid in die situasie.
- 'n Positiewe ingesteldheid beïnvloed alles in ons lewens, insluitend ons gesondheid en welstand.
- Om positief te bly, verbeter alle areas van die lewe, insluitend produktiwiteit, kreatiwiteit en probleemoplossing.
- Wanneer jy op die positiewe fokus, fokus jy natuurlik minder op die negatiewe.
- Wanneer ons positief bly, sal ons die 'uitkoms' kan sien wat God belowe het om te voorsien wanneer ons moeilikheid en versoeking moet hanteer.
- **1 Korinthiërs 10:13** *'maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra. '*
- Miskien was jy al versoek om moedeloos en negatief te raak, maar jy hoef nie daaraan toe te gee nie, want die Here sal 'n 'uitkoms' voorsien sodat jy uiteindelik met vreugde in jou hart kan oorwin.

### Net 'n glimlag help al klaar baie!

Omstandighede in die RSA én elders kan 'n mens ongeneeslik suur maak. Dit gaan jou en niemand help nie. Wees die glimlag, die liggie, die stukkie hoop, vir mense, óók wanneer ons Sondag saamkom en as gelowiges saamwerk vir die Here

- Verkoop 20 of meer karnaval kaartjies en staan 'n kans om 'n heel skaap te wen!
- Die kaartjies @ R180 is 'n winskoop
- Daar is 'n wonderlike verhoog produksie, arena-program, uitstallings, verversings en veiligheid
- Koop aanlyn kaartjies vir die Karnaval op ons Kerk se webblad, volg die link: https://www.rtbgkerk.org/online-store

### Skakel in by die volgende whatsapp groepe

1. RGK Goeie Nuus
2. RGK Werksoekspan
3. RGK Rek-jou-Rand groep.

Whatsapp versoek na ds. Theo by 066 270 3086

### -i toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- Nuwe selfoonnommers / E-posse adresse en veranderinge
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke
- Karnaval inligting en kaartjies

### Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening kom @ 'n prys.

Kan jy asb. maandeliks help?
☐ EFT
☐ Stoporder

Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid
Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank*

### Verjaarsdae 5 – 11 Feb 2023

5-Juan Grobler, Willie Reynecke
Mariza Schutte, Hennie Williams
7-AJ Kleinsmit
8-Charles Bester (J)
9-Kyle Denton, Hans van Wyk
10-RGK

### Karnaval 2023 - 'n Uitstaande produksie

- 4 Maart 2023 is ons datum!
- Merk hom asb op jou dagboek
- Help ons kaartjies verkoop en kom werk asb die dag saam met die RGK!!


Snotkop


Anlia Star


Adam Tas


Demi-Lee Moore